Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig

Sondag, 8 November 2026

God, ons hulp en ons Redder: Gister, vandag en môre

"Maar ek is magteloos en behoeftig. O God, haas U na my – U is my hulp, my bevryder! Here, moenie talm nie!"
(Psalm 70:6)
"Jesus Christus is gister en vandag dieselfde, en tot in ewigheid."
(Hebreërs 13:8)

Ons gister, vandag en môre lyk nie altyd dieselfde nie. Soms verskil gister en vandag soos dag en nag. Omstandighede kan onverwags verander. Wat gister nog goed en voorspoedig was, kan vandag heeltemal anders lyk. En die onsekerheid oor wat môre mag bring, kan ons angstig, magteloos en hulpeloos laat voel. Dan is daar soms nie veel anders wat ons kan doen as om saam met die gelowige van Psalm 70 uit te roep nie: *"O God, haas U na my – U is my hulp, my bevryder! Here, moenie talm nie!"*

Psalm 70 is die gebed van iemand wat homself in nood bevind. Hy bring sy magteloosheid en behoeftigheid voor God. Maar Psalm 70 is nie net 'n persoonlike noodkreet nie. Dit is ook 'n gebed vir ander. In vers 5 bid die gelowige vir dié wat die Here soek, vir dié wat arm en behoeftig is. Te midde van sy eie nood vind hy steeds ruimte om vir ander te bid.

Maar hoe is dit moontlik? Hoe kan iemand wat self so diep in nood verkeer, nog vir ander bid? Hoe kan iemand sy magteloosheid en afhanklikheid voor God bely en steeds met geloof aan Hom vashou? Is dit nie juis wanneer ons eie omstandighede ons oorweldig dat ons sukkel om verder as ons eie nood te kyk nie?

Die sleutel wat hierdie psalm ontsluit, lê in die laaste vers: "U is my hulp en my bevryder!" So klink die antwoord. Dit is die geloofsekerheid wat die Psalmskrywer dra, selfs wanneer sy omstandighede allesbehalwe seker is. Hy weet dat sy omstandighede mag verander, maar God verander nie. Gister, vandag en môre bly God dieselfde. Daarom kan hy sy nood voor God bring, daarom kan hy vir ander bid en daarom kan hy hulle herinner aan die Here en sy trou.

Ds. Janke Hurter.

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Janke Hurter en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; die gesinsdiens in die saal deur ds. Jan Lubbe en met begeleiding deur dr. Matildie Wium.
Welkom aan besoekers en aan diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Hierna volg die liturgie vir die diens; by die deure is daar 'n Liedboek of Bybel beskikbaar – neem gerus een en deel in ons lof en aanbidding.

Liturgie: Sondag, 8 November 2026

Kloklui	
Verwelkoming	
Wydingslied:	"Nader, my God, by U" - Lied 512 vers 1, 2 en 3
Aansteek van wydingskers …	
Votum:	Psalm 121:1-2
Seëngroet	
Loflied:	"Loof die Here, al wat lewe" – Lied 203 vers 1, 2 en 5.
Oproep tot skuldbelydenis:	Psalm 1
Verootmoedigingsgebed …	
Gebedslied:	"Heer, wees ons genadig" - Lied 247 vers 1.
Genadeverkondiging:	Psalm 103
Danklied:	"Ek weet verseker" - Lied 514 vers 1 en 2.
Epiklesegebed	
Skriflesing:	Psalm 70 *God ons hulp en ons Redder: Gister, vandag en môre*
Woordverkondiging	
Aansteek van kerse:	*(In ons gedagtes, diegene op ons gebedslys)*
Stilte vir voorbidding	
Dankoffers	
Slotlied:	"Laat ons met ontsag Hom noem" – Psalm 111:1, 2 en 4
Seënbede	
Amen.	

Jy is welkom om te bly sit en na die orrelnaspel te luister, tyd vir 'n nagedagte en dank.

Ander Eredienste:

Sondag, 8 Nov.	15:00 – Sothodiens – Teol.std. Steve Popane 18:00 – Ds. Jan Lubbe: *"Twaalf, en in die Tempel"* – Skoolverwisselings-diens vir Graad 7's en hul ouers, en met Willem Postma Laerskool se koor.
Sondag, 15 Nov.	09:30 – Ds. Jan Lubbe; gesinsdiens in saal – ds. Janke Hurter (Afsluiting van Junior Kategese); nagmaal by Siësta – ds. Kobie Breedt. 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). 18:00 – Ds. Jan Lubbe (Afsluiting van Senior Kategese).

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

08 Nov. Claudine Engelbrecht en Magdel Louw.
09 Nov. Dete Jansen.
10 Nov. Herman Strauss en Alida Strydom.
11 Nov. Lana Buys, Helena Pool, Minette Swart en Schalk Wentzel.
12 Nov. Joréda Hoffman, Susan Nel, Gia Pieterse en Helena Samuel.
13 Nov. Stephan Benadé, Shirene Botha, Frans de Jager, Dawid Griessel, Kobus Marais
14 Nov. Corrie Geldenhuys, Twanette Koekemoer en Annalize Miennie.

Ons gebede is verder vir almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Tannie Lettie Kok (Doringlaan 2, Noorderbloem, wyk 17); Marie Dippenaar (Thompsonstr. 5b, wyk 14); Twanette Koekemoer (Genl. Conroystr. 44, wyk 9b) en Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Ons dink ook aan almal wat 'n siek of verswakte familielied ondersteun; mag jul die nodige krag ontvang, en die nabyheid van die Here beleef.

Ons innige meegevoel gaan ook aan Ruben en Lezahn Bosch, by die heengaan van sy moeder, Tannie Lorainne, in Sewe Damme; haar gedenkdiens is Saterdag, 14 November om 11:00 daar. Ook aan Elmaré en Wynand Retief by die afsterwe van haar broer, en so-ook aan Ansie en Hennie Barnard; haar broer is ook oorlede – ons dra hul iedereen aan die Here op vir troos en bemoediging.

*Dan is dit met hartseer dat ons julle as gemeente hier moet meedeel dat **Lienkie Marais** verder verswak het, en dat ons nou in die grootste respek en deernis rondom hulle as familie staan. Ons het besluit om vanaf hierdie Sondag langverlof aan ds. Johan te gee, en dra hom en Helena saam daar in die huis; die ander kinders – Irene en Petrus en hul geliefdes – asook ds Kobie en Tannie Irene Breedt en Oom Piet en Tannie Henette Marais; en almal hier in Berg-en-Dal aan die Here op vir elke tree van hierdie moeilike pad nou. Ons bid in besonder vir Lienkie.*
Ons vertrou die Here vir sy nabyheid.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ds Jan Lubbe (082 784 9362) wat tans ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
"Nuutgemaak! Kyk met nuwe oë na Jesus en die wêreld" (uit die Lukas-evangelie):
Woensdagaand: 19:00 in die Konsistorie – ds. Jan Lubbe (082 784 9362).
Donderdagoggend: 09:00 in Konsistorie – ds. Jan Lubbe (084 517 8052).

KERKRAADSAKE

Tydens ‘n spesiale Kerkraadsvergadering vanoggend vóór die erediens, is ‘n aantal lidmate as ouderlinge en diakens verkies – ons gee hul name tydens die erediens aan u deur. **Bevestiging:** Sondag, 29 November om 09:30.
Alle Kerkraadslede let op asb: Die huidige termyn eindig op 29/11 en ons neem daardie oggend ‘n gesamentlike foto van die hele kerkraad – wees asb. teenwoordig.

Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:
In November sorg **Wyke 4** en 5 (westelike hange van Grant’s Hill, agter die kerk om) vir ons gasvryheid; Sondae met tee en koffie in die binnehof en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy hiermee wil help, kontak die kerkkantoor (073 180 3193).

BEDIENINGE

GEMEENTEBEDIENING
Seniorbediening: Alle lidmate 65+ word uitgenooi na ons afsluiting Woensdag, 11 November 2026 om 09:30 – kom dink saam terug, vier dankbaar en gaan die Adventtyd so saam binne. Gee asb. jou naam by die Kerkkantoor op (073 180 3193), ter wille van getal en ons regsit...

Vrouebediening: Ons benodig nog Wykskoördineerders vir 2027 – wil jy graag help? Kontak Germarie by 079 038 4038.

JEUGBEDIENING
Kategese: Ons Kategese vir 2026 sluit volgende Sondag, 15 November af; én, ons benodig ook entoesiastiese- en toegewyde kategete vir 2027 – kontak die leraars as jy wil kom help…

GETUIENISBEDIENING
Naaldwerkklas: Vanjaar se Naaldwerkklasse vir Huishulpe sluit op Dinsdagmiddag, 24 November om 14:00 af; enigeen wat dit wil bywoon, is hartlik welkom. Kontak Marina Hegter by 083 740 3481 vir meer inligting.

Kersliedere by Preller Walk:
Kom sing saam Kersliedere met die feestelike klanke van ‘n trompet by Pick n Pay Preller Walk op Woensdag 25 November 2026 – dr Andries Hoffman lei dit en sal nog meer inligting deurgee.

Gladstoneweg Jeugsorgsentrum: Skoolklere vir 2027 benodig!
Dogtertjies in Gladstoneweg het skoolklere vir 2027 nodig – Laerskool Bloemfontein (± Gr. 4 en 6) en Brebner Primary School (Graad 7). Kontak Joanita Rossouw vir meer inligting (by 082 326 8966).

EREDIENSKOLLEKTE: ‘n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op ‘n Sondagoggend en -aand, is ‘n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee ‘n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie Sondag – vanoggend, 8 November: **Middestad- en Arbeidsbediening.** U kan ‘n dankoffer via eft of SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**